

Die liggaam en bloed van Jesus Christus in die nagmaal

Van die gebreekte brood het die Here Jesus gesê: “Dit is my liggaam ...” Van die beker wyn het Hy gesê: “Dit is my bloed...” Dit verander nie letterlik in die liggaam en bloed van Jesus soos die Roomse Kerk dit verklaar het nie. Hulle praat van die “mis”. Dit kom van die Latyn “misa est” wat beteken “dit is verby”. Hulle sê dat die mispriester die tekens by die aanvang van die nagmaal seën en dan verander dit in die liggaam en bloed van die Here. As die nagmaal verby is sê hy: “Misa est.” Dan verander die teken weer in gewone brood en wyn. Op die manier wil hulle die direkte teenwoordigheid van Christus by die nagmaal beleef.

Hierdie verstaan van Jesus se woorde bots met die tweede gebod. God neem nooit sy intrek in geskape dinge sodat dit sy goddelike teenwoordigheid vasvang en afbring en by ons teenwoordig maak nie. Jesus kan tog nie by die instelling van die nagmaal die tweede gebod oortree nie.

Die Heidelbergse Kategismus wys hierdie interpretasie van Jesus se woorde af. As Jesus sê “dit is my liggaam ...” en “dit is my bloed ...” moet ons verstaan dat Hy sakramentele taal gebruik. Hoe dit verstaan word bely ons in Heidelbergse Kategismus 26:66 en 28:75. Rugby het ook rugbytaal. Ons praat van 'n drie wat gedruk word ... (5 punte).

Sing: Skrifberyming 9-1:3

Ds. C Hattingh (Randburg)

~~~~~